

onder: 'n Groep wingerdkundiges en produsente vergelyk klone. regs: Trosvorm word deur kloon beïnvloed.

Van Muskadel tot

Binfandel



DIE De Bos-klonetuin is in 2006 gevestig volgens 'n ooreenkoms tussen Vititec en die Bosmans van Lelienfontein Kwekery. Die stokke is deur Vititec gevestig op die Bosmans se Hemel en Aardeplaas en die materiaal wat die tuin lewer behoort 50% aan Lelienfontein, terwyl die ander helfte deur Vititec gebruik kan word as moedermateriaal.


“Behalwe vir die voorhandliggende voordeel wat ons het met hierdie verskeidenheid plantmateriaal, is ons in die posisie om te sien hoe verskillende klone onder presies dieselfde toestande presteer,” vertel hy.

Marco het 'n databasis met inligting oor die drag, korrelgrootte en eienskappe van verskillende klone en kan hiervolgens ook aanbevelings in die veld gee. “Dit is belangrik om die regte kloon vir die regte doelwit aan te wend. Daar is byvoorbeeld

'n groot verskil in die opbrengste wat verskillende Shiraz-klone lewer. Net so is daar produsente wat tonne najaag en diegene wat gaan vir sekere eienskappe of kenmerke. Elke kloon het sy plek.”

Jannie Bosman jnr vertel dat dit belangrik is dat die bedryf homself moet verseker

van sy eie bronmateriaal. “Dit help ook nie jy hou net die gewildste kultivars of klone aan nie – as daar iemand is wat niche kultivars soek, moet ons aan hulle kan voorsien. Hier is byvoorbeeld meer Pinot Gris-materiaal as enige plek in die land.”

Spreeth voeg by dat die blok ook gereeld moet bygewerk word deur die aanplant van nuwe kultivars en klone. “Roussanne is vanjaar tot die lang lys van kultivars ingevoeg, terwyl nuwe klone van Shiraz en Sangiovese ook aangeplant is.” 

Met 'n totaal van 45 kultivars en 111 klone, is die De Bos Klonetuin een van die Suid-Afrikaanse wynbedryf se nuwe wingerd plantmateriaal bates. Hierdie indrukwekkende versameling van plantmateriaal word gereeld aangevul, dien as 'n bron vir die toekoms en gee vir die bedryf 'n selfvoorsienende voordeel. EDO HEYNS was deel van 'n groep bedryfsrolspelers wat die blok besoek het.

Vititec se hoof uitvoerende beampte, Nico Spreeth, verduidelik dat die blok volgens streng maatreëls onderhou word om sy grondves-status te behou. “Vititec het verseker dat elke stok met Elisa-toetse ‘skoon’ verklaar is, terwyl die blok drie maal per jaar visueel ondersoek word. Een van hierdie inspeksies is 'n winterondersoek vir simptome van rolblaar,” verduidelik Spreeth.

Hy vertel dat dié Hemel en Aarde-blok dien as “back-up” vir Vititec se klonetuin op Stellenbosch, waar 84 kultivars en 268 klone sedert 1983 gevestig is. Vititec het ook klonetuine in Graafwater en Clanwilliam waar daar onderskeidelik 36 en 43 klone sedert 2003 gevestig is.

Lelienfontein-bemarker Marco Blom hou noukeurig rekord van die prestasie en eienskappe van die verskillende klone.

“Dit help ook nie jy hou net die gewildste kultivars of klone aan nie – as daar iemand is wat niche kultivars soek, moet ons aan hulle kan voorsien.”